

VOORWOORD

Gedurende my skool- en universiteitsopleiding het ek telkens die verhaal gehoor van die Europese volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop en die redes wat daartoe aanleiding gegee het. Nooit het my leermeesters gemeld dat die Kaap waarskynlik nie Hollands sou gewees het as die Nederlanders aan die begin van die 17^{de} eeu daarin geslaag het om die Fortaleza de São Sebastião op Ilha de Moçambique van die Portugese te verower nie. Dié ontdekking het ek eers baie later gedoen, toe ek die werke van Eric Axelson, C.R. Boxer en Portugese geskiedskrywers onder oë gekry het. Veral Axelson het dit baie sterk benadruk dat die Nederlandse blokkades van Ilha de Moçambique en mislukte pogings om die Fortaleza op die eiland in 1604, 1607 en 1608 te verower, van deurslaggewende betekenis vir die verdere verloop van die geskiedenis van Suidelike Afrika was. Volgens hom en ander historici was die Nederlanders se futiele besetting van die eiland een van die redes waarom hulle later besluit het om 'n verversingspos aan die Kaap te stig. Dié, myns insiens, logiese afleiding het, sover my kennis strek, in geen algemene geskiedenis van Suid-Afrika en Nederland as een van die redes vir die vestiging van 'n Nederlandse nedersetting aan die suidpunt van Afrika neerslag gevind nie.

Die betreklik onbekende verhaal van die stryd tussen die Portugese en Nederlanders om die besit van Ilha de Moçambique is fassinerend en soms dramaties. Uit die optredes van die strydende partye en hulle leiers kan die leser heelwat van die volksaard en -karakter van die Portugese en die Nederlanders te wete kom. Dit was nie 'n tyd vir swakkeling nie en seerowery, vernielug en erge wreedhede tussen die Rooms-Katolieke Portugese en Protestantse Nederlanders was aan die orde van die dag.

Maar die hoofkarakter in die verhaal is Ilha de Moçambique self. Hierdie – in grootte – byna onbeduidende eiland het 'n hoofrol gespeel in die *Carreira da Índia*-drama en was daarom aanvanklik gesog onder die Arabiere, maar later ook onder die Portugese, Nederlanders, Engelse en Franse. Danksy sy strategiese ligging en die handel in goud, ivoor en slawe, het die eiland eeue lank 'n bloeitydperk beleef, maar teen die einde van die 19^{de} eeu sy glorie begin verloor en in die 20^{ste} eeu geleidelik sjarmant verval. Vanweë sy historiese belangrikheid, sy argitektoniese kultuurerfenis en natuurlike skoonheid, is Ilha de Moçambique in 1991 deur UNESCO tot 'n wêrelderfenisterrein verklaar. Hierdie klein studie is 'n poging om iets van die grootsheid en belangrikheid van hierdie klein eiland onder woorde te probeer bring.

Die personeel van die Biblioteca Nacional in Lissabon het uit hulle pad gegaan om my navorsing dáár te vergemaklik. Prof. Joel das Neves Tembe, direkteur van die Arquivo Histórico de Moçambique in Maputo, en een van sy assistente, me Ligia Zaqueu, het gehelp om waardevolle inligting tot my beskikking te stel. Almero Weyers se foto's van die eiland het my finaal laat besluit dat ek die eiland moet besoek. Chris Schnell van Vilanculos in

Mosambiek het praktiese wenke vir dié besoek gegee. Prof. Johan Bergh en die Navorsingskomitee van die Departement Historiese en Erfenisstudies van die Universiteit van Pretoria het goedgegunstig geld uit die departementele navorsingsfonds vir my reis- en verblyf koste beskikbaar gestel. Schalk W. le Roux het dikwels vir my inligting uit skaars bronne in Wes-Kaapse biblioteke gaan soek en was in Julie 2007 as uitstekende en geduldige fotograaf my reisgenoot na Ilha de Moçambique.

Op die eiland het José Andrade en Andy Viage Mario op 'n kundige wyse as ons gidse opgetree. David Botes het die manuskrip sorgvuldig taalkundig geredigeer. Prof. Karen Harris, dosent in die Departement Historiese en Erfenisstudies van die Universiteit van Pretoria, prof. André Wessels, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit in Bloemfontein, en die digter/skrywer Johann Lodewyk Marais, verbonde aan die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid van die Universiteit van Pretoria, het die manuskrip beoordeel. Aan hulle almal my opregte dank.

O.J.O. Ferreira

Jeffreysbaai
Januarie 2010